PROVINSIE VRYSTAAT

# PROVINSIALE KOERANT

# PROVINCIAL GAZETTE

FREE STATE PROVINCE

*Uitgegee op gesag* | *Published by Authority*

No. 95

BLOEMFONTEIN, 02 SEPTEMBER 2005

BLOEMFONTEIN, 02 SEPTEMBER 2005

## KANTOOR VAN DIE PREMIER

No. 2 — 02 September 2005

Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-

No. 2 van 2005 : Vrystaat Finansieswet, 2005.

## OFFICE OF THE PREMIER

No. 2 — 02 September 2005

It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:-

No. 2 of 2005 : Free State Finance Act, 2005

# WET

**Om bepaalde uitgawes te magtig en voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

**Magtiging van uitgawes**

**1.** Die oorbesteding van R97 936 594.00 onder program 2 (Maatskaplike Bystandstoelaes) in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, wat meer volledig bespreek word op bladsye 96 en 120 van die Jaarverslag van die Ouditeur-Generaal vir die 2003/2004 boekjaar, wat by die Wetgewer ingedien is, word hiermee gemagtig om 'n direkte las teen die Provinsiale Inkomstefonds te vorm.

**2.** Die besteding van R33 373 000.00 vir die 2002/2003 boekjaar, wat deur die Departement van Openbare Werke, Paaie en Vervoer aangegaan is, wat meer volledig beskryf word op bladsy 98 van die Jaarverslag van die Ouditeur-Generaal, wat by die Wetgewer ingedien is, word hiermee gemagtig om 'n direkte las teen die Provinsiale Inkomstefonds te vorm.

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Finansieswet, 2005.

# ACT

**To authorize certain expenditure and to provide for matters connected therewith.**

**BE IT ENACTED** by the Provincial Legislature of the Free State Province, as follows:–

**Authorizing of expenditure**

**1.** The overexpenditure of R97 936 594.00 under programme 2 (Social Assistance Grants) in the Department of Social Development, which is more fully described on pages 96 and 120 of the Annual Report of the Auditor General for the financial year 2003/2004, which has been submitted to the Legislature, is hereby authorized to form a direct charge against the Provincial Revenue Fund.

**2.** The expenditure of R33 373 000.00 for the 2002/2003 financial year, which was incurred by the Department of Public Works, Roads and Transport, which is more fully described on page 98 of the Annual Report of the Auditor General, which has been submitted to the Legislature, is hereby authorized to form a direct charge against the Provincial Revenue Fund.

**Short title**

**3.** This Act is called the Finance Act, 2005.